basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## DANSSTUDIES

## 2022

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings met AGT vrae in totaal.

2. AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG (60 punte)
   - Beantwoord AL VIER vrae in hierdie afdeling.
   - Jy het 'n keuse tussen VRAAG 2.3 en VRAAG 2.4. Indien jy albei vrae beantwoord, sal slegs die EERSTE antwoord nagesien word.

   AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN GELETTERDHEID (90 punte)
   - Beantwoord AL VIER vrae in hierdie afdeling.
   - Jy het 'n keuse tussen VRAAG 5.2 en VRAAG 5.3. Indien jy albei vrae beantwoord, sal slegs die EERSTE antwoord nagesien word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Lees elke vraag aandagtig deur en let op na wat gevra word.

5. Lees die AKSIEWERKWOORD aan die begin van elke vraag om te sien wat verlang word.

   VOORBEELDE VAN AKSIEWERKWOORDE WAT IN DIE VRAE GEBRUIK IS:
   LAEVLAK-VRAE: kies, vind, noem, pas, definieer, waar of onwaar
   MEDIUMVLAK-VRAE: beskryf, verduidelik, brei uit
   HOËVLAK-VRAE: analiseer/ontleed, evalueer, beredeneer, gee mening

6. Jy mag rofwerkbeplanning in die ANTWOORDEBOEK doen. Trek 'n streep deur enige werk wat NIE nagesien moet word NIE.

7. Jy sal geassesseer word op jou vermoë om:
   - Slegs in een taal te skryf
   - Inligting te organiseer en duidelik oor te dra
   - Die spesifieke formaat wat in sekere vrae vereis word, te gebruik
   - Spesialis-dansterminologie te gebruik, waar nodig

8. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG

### VRAAG 1: BESERINGS

1.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die vraag in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.6 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.1.1 | Waarom moet dansers aan die einde van 'n klas afkoel? | A | om wrywing te voorkom |
| 1.1.2 | Waarom word sinoviale vloeistof in die gewrigte vrygestel? | B | om die liggaamstemperatuur te verhoog |
| 1.1.3 | Waarom moet dansers aan die begin van 'n klas opwarm? | C | om te voorkom dat bloed in die ledemate opgaar |
| 1.1.4 | Waarom moet afvalstowwe soos melksuur uit die spiere verwyder word? | D | om die rekbaarheid van die spiere te vermeerder |
| 1.1.5 | Waarom moet die hartklop toeneem? | E | om krampe en styfheid te voorkom |

(5 x 1) (5)

1.2 Verduidelik hoe ELKE letter in RYKE tot die onmiddellike behandeling van 'n besering kan bydra. (4)

1.3 Noem enige TWEE alternatiewe/ander behandelings wat vir 'n besering gebruik kan word. (2)

1.4 Marsha het 'n swak danspostuur.

Verduidelik aan Marsha hoe sy haar postuur gedurende dansklasse kan verbeter. (4)

**[15]**

## VRAAG 2: KOMPONENTE VAN FIKSHEID

2.1 Verduidelik waarom die volgende stellings VERKEERD is:

2.1.1 Statiese strekking moet nie aan die einde van 'n dansklas gedoen word nie. (1)

2.1.2 Onderontwikkelde komponente van fiksheid sal nie die kwaliteit van jou optrede affekteer nie. (1)

2.1.3 Stres en spanning beïnvloed nie 'n danser se soepelheid nie. (1)

2.1.4 Kernstabiliteit is nie belangrik vir goeie tegniek nie. (1)

2.2 Bestudeer die beeld hieronder en beantwoord die volgende vrae.

2.2.1 Noem enige TWEE komponente van fiksheid wat in die beeld gebruik word. (2)

2.2.2 Verduidelik hoe hierdie TWEE komponente van fiksheid gebruik word. (Jy mag in jou antwoord na danser A of danser B of albei dansers verwys.)




[Bron: https://arrowrootmedia.com/project/daniel-gwirtzman-dance/] (2)

**LET WEL:** Jy het 'n keuse tussen VRAAG 2.3 en VRAAG 2.4.
Beantwoord slegs EEN van hierdie vrae.

2.3 Ontwerp 'n insiggewende plakkaat. Jy moet 'n hele bladsy (A4) gebruik.

Jou plakkaat moet die voordele van komponente van fiksheid in die dansklas beklemtoon. Kies enige DRIE komponente om op te fokus.

Punte sal toegeken word vir:

- Inligting wat die voordele van hierdie DRIE komponente van fiksheid goed verduidelik EN/OF die gebruik van beeldmateriaal om jou idees oor te dra (9)
- Kreatiewe uitleg en aanbieding (3)

**OF**

2.4 Ontwerp 'n insiggewende plakkaat. Jy moet 'n hele bladsy (A4) gebruik.

Jou plakkaat moet beklemtoon hoe om komponente van fiksheid in die dansklas te ontwikkel. Kies enige DRIE komponente om op te fokus.

Punte sal toegeken word vir:

- Inligting wat goed verduidelik hoe om hierdie DRIE komponente van fiksheid te ontwikkel EN/OF die gebruik van beeldmateriaal om jou idees oor te dra (9)
- Kreatiewe uitleg en aanbieding (3)

**[20]**

**VRAAG 3: ALGEMENE GESONDHEIDSORG**

3.1 Verduidelik hoe goeie eetgewoontes 'n danser se liggaam positief kan beïnvloed. (3)

3.2 Waarom is hidrasie vir 'n danser belangrik? (3)

3.3 Evalueer die voordele van dans vir geestelike en emosionele welstand. (4)

**[10]**

**VRAAG 4: DANSOPVOERING/-UITVOERING**

4.1 Noem jou hoofdansvorm.
Gee 'n beskrywing van DRIE beginsels wat uniek aan jou hoofdansvorm is. (3)

4.2 Verduidelik TWEE veilige danstegnieke wat in jou hoofdansvorm gebruik word. (2)

4.3 Bestudeer die beeld hieronder. Evalueer die dansers se dansvaardighede. Wat is die boodskap wat die dansers oordra? Motiveer jou antwoord met voorbeelde uit die beeld.




[Bron: https://seattlegayscene.com/2018/04crystal-pites-emergence-examines-hive-intellgence-in-pubs-spring-program/] (4)

4.4 Maak 'n joernaalinskrywing waar jy oor die volgende reflekteer:

- Die dansuitdagings waarvoor jy gedurende die Covid-19-pandemie by die skool te staan gekom het
- Hoe jy verantwoordelikheid geneem het om die vordering en ontwikkeling van jou danstegniek en -uitvoering te verseker (6)

**[15]**

**TOTAAL AFDELING A: 60**

## AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN GELETTERDHEID

### VRAAG 5: IMPROVISASIE EN CHOREOGRAFIE

5.1 Kies DRIE terme wat in die lys hieronder verskaf is vir ELK van die volgende. Skryf slegs die woord langs die vraagnommers (5.1.1 tot 5.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| sinkopasie; simmetrie; gewig; kanon; pas;<br>kontakimprovisasie; kontras; dinamiek; patroon |

5.1.1 Ruimte (3)

5.1.2 Tyd (3)

5.1.3 Krag (3)

**LET WEL:** Jy het 'n keuse tussen VRAAG 5.2 en VRAAG 5.3.
Beantwoord slegs EEN van hierdie vrae.

5.2 IMPROVISASIE

Hoe kan improvisasie gebruik word om bewegingswoordeskat vir 'n choreografie te ontwikkel? Verduidelik jou antwoord. (6)

**OF**

5.3 MUSIEK EN/OF BEGELEIDING

Verduidelik moontlike redes vir die keuse van musiek en/of begeleiding vir 'n choreografie. (6)

5.4 Jy wil vir 'n choreografiekompetisie inskryf waar jy die terreinspesifieke opvoerruimte in die beeld hieronder sal gebruik.

Beplan hoe jy die ruimte sal gebruik om jou idee te verwesenlik.




[Bron: http://www.reddit.com] (10)
**[25]**

## VRAAG 6: DANSGELETTERDHEID

6.1 Ontleed die beelde hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

6.1.1 Noem enige VIER dansgenres wat in die beelde gemerk **A** tot **F** gesien word. (4)

6.1.2 Verduidelik wat die VIER genres wat in VRAAG 6.1.1 genoem is, herkenbaar maak. (4 x 2) (8)




[Bron: https://64.media.tumblr.com




[Bron: www.jennajamz.com]




[Bron: https://za.pinterest.com/pin/250794272968723568/]




[Bron: https://za.pinterest.com]




[Bron: https://www.masterfile.com]




[Bron: https://static01.nyt.com/images/2013/11/21/arts]

6.2 6.2.1 Noem enige DRIE funksies van dans. (3)

6.2.2 Verduidelik hoe hierdie DRIE funksies in die samelewing gebruik word. (3 x 2) (6)

6.3 Evalueer hoe dans as 'n simboliese taal in EEN van die volgende gebruik word:

6.3.1 Teater-/Konsertdans

**OF**

6.3.2 Sosiale/Kulturele dans (4)

**[25]**

**VOORGESKREWE CHOREOGRAWE EN DANSWERKE VIR VRAAG 7 EN VRAAG 8.**

| **INTERNASIONALE CHOREOGRAWE** | **DANSWERKE** |
|---|---|
| Alvin Ailey | *Revelations* |
| Martha Graham | *Lamentations* **OF** *Errand into the Maze* |
| George Balanchine | *Apollo* **OF** *Jewels* |
| Christopher Bruce | *Ghost Dances* **OF** *Rooster* |
| Matthew Bourne | *Swan Lake* **OF** *Cinderella* |
| Pina Bausch | *The Rite of Spring* |
| William Forsythe | *In the Middle, Somewhat Elevated* |
| Mats Ek | *Giselle* **OF** *Swan Lake* **OF** *Carmen* |
| Rudi van Dantzig | *Four Last Songs* |
| Jiří Kylián | *Wings of Wax* **OF** *Stamping Ground* |

| **SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWE** | **DANSWERKE** |
|---|---|
| Alfred Hinkel | *Bolero – Last Dance* **OF** *Rain in a Dead Man's Footprint* **OF** *Cargo* |
| Gregory Maqoma | *Four Seasons* **OF** *Beauty Trilogy* **OF** *Skeleton Dry* **OF** *Somehow Delightful* |
| Sylvia Glasser | *Tranceformations* |
| Veronica Paeper | *Orpheus in the Underworld* **OF** *Carmen* |
| Vincent Mantsoe | *Gula Matari* |
| Dada Masilo | *Swan Lake* **OF** *Romeo and Juliet* |
| Gary Gordon | *Bessie's Head* |
| Mavis Becker | *Flamenco de Africa* |
| Hazel Acosta | *Blood Wedding* |
| Carolyn Holden | *Imagenes* |

## VRAAG 7: DANSWERK

Kies EEN danswerk wat jy in die klas bestudeer het uit die lys op bladsy 10.

Skryf 'n resensie vir 'n danstydskrif oor hierdie danswerk wat in jou area opgevoer gaan word. Gebruik die formaat hieronder as 'n gids vir jou resensie.

Punte sal toegeken word vir:

- Formaat – titel, inleiding en gevolgtrekking (3)
- Inligting (22)

| **TITEL** |
|---|
| Inleiding tot die resensie |
| Beskryf kortliks die inspirasie/oorsig van die danswerk |
| Onvergeetlike choreografiese oomblikke/bewegingswoordeskat/ gebruik van produksie-elemente in die danswerk |
| Gevolgtrekking |

**VRAAG 7: RUBRIEK VIR BEPLANNING**

| | |
|---|---|
| **HOË VLAK**<br><br>**18–25** | • Resensie kreatief aangebied<br>• Goed geskryf/goeie taalgebruik/gebruik van dansterminologie<br>• Logiese vloei van inligting<br>• Toepaslike/Interessante en feitelike inligting oor die danswerk |
| **MEDIUM VLAK**<br><br>**8–17** | • Aangebied as 'n resensie<br>• Goed geskryf<br>• Die meeste areas is ingesluit<br>• Feitelike inligting oor die danswerk |
| **LAE VLAK**<br><br>**0–7** | • Minimale/Geen poging om in 'n resensieformaat te antwoord nie<br>• Swak geskryf<br>• Baie min areas is ingesluit<br>• Minimale/Geen feitelike inligting oor die danswerk nie |

**[25]**

**VRAAG 8: CHOREOGRAAF**

Kies EEN choreograaf wat jy bestudeer het uit die voorgeskrewe lys op bladsy 10.

Noem die choreograaf wat jy gekies het.

Reageer op die volgende vrae vir 'n onderhoud vir die podsending, 'Dance Artist Spotlight' ('Kollig op 'n Danskunstenaar'), asof jy die choreograaf is.

Goeiemôre, ons is bevoorreg en geëerd om jou by ons in die ateljee te hê. Dankie dat jy tyd in jou besige skedule afstaan om iets oor jou lewe en werk as 'n choreograaf met ons te deel.

8.1 So, om ons op te warm (verskoon tog die gebrek aan goeie danswoordspeling), kan jy vir ons luisteraars 'n bietjie oor jou agtergrond vertel?

8.2 Ons kan nie wag om van jou dansloopbaan te hoor nie.

8.3 Baie kunstenaars glo dat hulle werk grootliks deur hulle lewenservaringe beïnvloed word. Wie of wat het jou artisties beïnvloed?

8.4 Sjoe, ons het in die kort tydjie wat jy saam met ons in die ateljee is, regtig baie te wete gekom. Laastens, kan jy vir ons sê hoe jy sou verkies om ten opsigte van jou bydrae tot die dansbedryf onthou te word?

Baie dankie vir jou deelname vanoggend. Dit was absoluut wonderlik om meer oor dans en die werk wat jy in die bedryf doen, te leer.

**VRAAG 8: RUBRIEK VIR BEPLANNING**

| | |
|---|---|
| **HOË VLAK 12–15** | • Goed geskryf/Geskikte antwoorde/gebruik van dansterminologie<br>• Logiese vloei van inligting<br>• Toepaslike/Interessante en feitelike inligting oor die choreograaf |
| **MEDIUM VLAK 6–11** | • Goed geskryf<br>• Die meeste areas is ingesluit<br>• Feitelike inligting oor die choreograaf |
| **LAE VLAK 0–5** | • Swak geskryf<br>• Baie min areas is ingesluit<br>• Minimale/Geen feitelike inligting oor die choreograaf nie |

**[15]**

**TOTAAL AFDELING B: 90**
**GROOTTOTAAL: 150**